Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Augustus 2026





# "Ons moet Orals Kerke Begin"

Vroeër hierdie jaar het ongeveer 50 leraars en bedieningsleiers van Noord-Asië bymekaar gekom vir Harvesters Fase A opleiding, wat fokus op dissipelskap en die geestelike dissiplines. Wat daarna gebeur het is meer as net 'n seminaar. 'n Hernieude visie vir die vermenigvuldiging van die kerk regoor die streek het vlam gevat.

Vir Leraar Aleksandr*, het die opleiding 'n duidelike en praktiese strategie verskaf vir diegene wat passievol is daaroor om Jesus se opdrag om dissipels te maak na te kom. Hy het die waarde van sistematiese onderrig beklemtoon en verduidelik dat, selfs leiers wat nie gereed voel nie, in doeltreffendheid kan groei deur middel van die materiaal.

Hy het verduidelik dat een van die mees noemenswaardige lesse wat hy geleer het 'n vars begrip is van wat die kerk self is. Ongeag of gelowiges bymekaar kom in die vorm van 'n selgroep, 'n huiskerk of eenvoudig 'n samekoms van gelowiges, het Leraar Aleksandr beklemtoon dat so 'n byeenkoms inderdaad 'n kerk is. "En, ons moet oral sulke kerke begin," het hy uitgeroep.

Hy is in die besonder bemoedig daardeur dat die opleiding nie net leraars en leiers toerus nie, maar elke gelowige wat sy deel wil doen in die uitbreiding van die Koninkryk van God. "Hierdie materiaal kan elke gelowige help om hul potensiaal te bereik en die Evangelie te verkondig, dissipels te maak en kerke te plant," het hy gesê.

Die leraars en leiers was dadelik entoesiasties. Na afloop van die opleiding het hulle 'n strategiese vergadering gehou vir die plant van nuwe kerke regoor hul streek – verdere getuienis daarvan dat die visie vir vermenigvuldiging reeds posgevat het. Leiers is nou aktief besig om 49 nuwe kerke te plant in omliggende dorpies en nedersettings.

**Naam verander ter wille van sekuriteit.*

## Ook in hierdie Uitgawe:


2 Sentraal Afrika Gryp 'n Kultuur van Vermenigvuldiging Aan

4 Bedieningstoerusting








# Sentraal Africa Gryp 'n Kultuur van Vermenigvuldiging Aan

Regoor Sentraal Afrika gryp leraars 'n dissipel-maak benadering tot hul bediening aan – dit transformeer kerke, rig nuwe leiers op en vermenigvuldig die reikwydte van die Evangelie. Van Zambië tot die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), waar Harvesters se opleiding reeds vrug dra, tot nuwe deure wat oop is in die Kongo Republiek en Gaboen kom 'n nuwe algemene tema na vore: leraars ontdek die krag van vermenigvuldiging.

In Zambië help Harvesters se opleiding leraars om meer te doen as om net kerke te onderhou, en eerder kerke te plant en nuwe leiers op te rig. Leraar Frank Tembo, 'n Harvesters Gelisensieerde Opleier van Chongwe, deel met ons hoe die opleiding sy bediening geraak het.



Pastoor Frank Tembo

"Na afloop van die Kick Off kon ek uitstip waar ek kerke kan plant," sê hy. "Teen die tyd dat ons Fase A voltooi het, het ek drie kerke geplant. Teen die tyd dat ek Fase C gedoen het, het ek omtrent ses kerke geplant."

Vir Frank het die opleiding nie net nuut geplante kerke tot gevolg gehad nie, maar dit het ook sy begrip van die woord van God verdiep en sy toewyding daartoe om ander te help en om homself in die opleiding te verdiep versterk.

'n Tweede getuienis uit Zambië beklemtoon die vermenigvuldigende effek van dissipelskap.

Isaac Chakupa, 'n Studente Leraar wat lang afstande te fiets afgelê het om die opleiding by te woon, het gedeel hoe hy reeds 'n kerk geplant het, terwyl hy ook voortgewerk het aan sy eie ontwikkeling.



Pastoor Isaac Chakupa

"Ek het nou een kerk geplant," het Isaac verduidelik. "Ek moet nog twee plant. Ek het een Studente Leraar en ek moet nog meer leraars ontwikkel." Sy getuienis beklemtoon 'n sleutelbeginsel van vermenigvuldiging: leiers wat toegerus word terwyl hulle terselfdertyd ook ander toerus.

Dieselfde patroon ontluik in die DRK. In Februarie het 187 leraars in Gemena byeen gekom vir Fase A opleiding, met leraars uit die Sentraal Afrika Republiek (CAR) wat by hulle aangesluit het. Die opleiding het gefokus op dissipelskap en die opheffing van leiers wat ander kan oplei.

Harvesters se Streeksdirekteur vir Sentraal Afrika, Reynold Fourie, het dit beskryf as die begin van 'n dissipelskap-beweging. Gegrond op die beginsel van 2 Timoteus 2:2 is leraars aangemoedig om getroue gelowiges op te lei wat op hul beurt weer ander kan oplei.



Leraar Jean, wat dien in ‘n streek wat grens aan CAR, het gedeel hoe hy reeds begin het om die beginsels van die vorige opleiding toe te pas.


Pastoor Jean

“Na die Kick Off opleiding, het ons huis toe gegaan en 16 mense opgelei,” het hy gesê. “Na die opleiding het ons hulle uitgedaag en gemobiliseer om te evangeliseer. Drie maande later het ons kerke geplant, en ons het omtrent 80 lidmate.”

Ander leraars het soortgelyke ervarings, insluitend die plant van kerke, oplei van studente, en die mobilisering van nuwe gelowiges vir evangelisasie. Baie het verwys na hoe prakties die dissipelskap opleiding was en hoe dit hulle toegerus het om hul bediening meer doeltreffend te vermenigvuldig.

Terwyl Zambië en die DRK die vrug van vermenigvuldiging toon, spreek leraars in die Kongo Republiek en Gaboen dieselfde sterk behoefte uit om ‘n soortgelyke reis te onderneem. In Mei het Harvesters vir die eerste keer hul visie om kerke te plant deur middel van evangelisasie en dissipelskap met sleutel kerkleiers van die twee lande gedeel.


Pastoor Destin Bousana

In die Kongo Republiek het verskeie leraars ‘n gebrek aan dissipelskap- en leierskap-opleiding as ‘n beduidende uitdaging vir die hedendaagse kerk geïdentifiseer. Leraar Destin Boussane het verduidelik, “Deesdae het ons baie kerke, maar mense in daardie kerke word nie opgelei nie.”

Hy het bygevoeg dat baie leraars ‘n gebrek het aan Bybelse opleiding en dissipelskap, wat dit moeilik maak vir kerke om hul roeping doeltreffend uit te leef. In sommige gevalle merk hy op dat kerke gelei word deur leraars wat nie Bybel-kennis het nie; en dit beskryf hy as “gevaarlik.” Die visie van Harvesters is hartlik ontvang, en baie leiers is opgewonde dat die opleiding so gou as moontlik moet afskop.

‘n Soortgelyke reaksie is in Gaboen bespeur. Leraar Christian Tem van Port-Gentil het gesê die aanbieding het sy begrip van evangelisasie hernieu, en dat hy nou opnuut die belangrikheid van die leiding van die Heilige Gees in bediening verstaan.

“Die Harvesters program is ‘n baie goeie program vir ons,” het hy gesê. “Ons glo dit kan ons help om op die regte manier vorentoe te beweeg en die onderrig wat ons hier ontvang het toe te pas.”


Pastoor Christian Tem

Plaaslike leraars het ook die behoefte aan mentorskap beklemtoon, in die besonder onder jong kerkleiers wat leiding en praktiese bedienings-opleiding verlang.

In al vier lande is die boodskap merkwaardig eenders. Leraars is nie net opsoek na groter gemeentes nie; hulle is opsoek na maniere om dissipels te maak wat dissipels maak. Hulle is opsoek na praktiese instrumente vir evangelisasie, dissipelskap, leierskap-ontwikkeling en kerkplanting.

Namate Harvesters voortgaan daarmee om leraars op te lei en toe te rus regoor Sentraal Afrika, word ‘n kultuur van vermenigvuldiging gevestig. Op sommige plekke, is die vrug reeds sigbaar in die vorm van nuwe kerke en opgeleide leiers. Op ander plekke word die fondasie gelê vir toekomstige groei. Saam, vertel hierdie getuienisse ‘n verhaal van leraars wat die roeping omhels om: dissipels te maak, leiers op te lei en die reikwydte van die Evangelie in hul eie gemeenskappe en selfs verder uit te brei.



# Bedieningstoerusting

Vroeër vanjaar, het Harvesters Bybels uitgedeel by kerke wat in Kenia se Nyandarua-streek geplant is, en sodoende leraars en gelowiges toegerus met die Woord van God in gemeenskappe waar hulpbronne dikwels beperk is.

Leraars Dorcas is een van diegene wat 'n Bybel ontvang het. In haar getuienis vergelyk sy die geskenk wat sy ontvang het met 'n jembe – 'n tradisionele skoffel wat gebruik word om te grawe en wat 'n noodsaaklike stuk gereedskap vir daaglikse werk in Kenia is.

"Hier is die jembes wat ons vandag ontvang het," het sy gesê terwyl sy haar Bybel omhoog hou. "Ek sal hierdie Bybel oopmaak en Woord van God aan mense gee."

Leraar Dorcas het verduidelik dat, net soos 'n werker nie sonder 'n skoffel kan grawe nie, het diegene wat God dien die regte toerusting nodig het om dissipels te maak. Dankbaar vir die geskenk wat sy ontvang het, het sy God geprys en almal wat dit moontlik gemaak het vir haar om 'n Bybel te ontvang, bedank.







Harvesters MINISTRIES

**Suid-Afrika Posadres:**
13 Somerset Road, Longdown Estate, Somerset West, 7130

**E-pos:**
info@harvestersministries.com

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare welsynorganisasie (NPO en PBO).

# Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 100 lande, keer ons terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Maak vandag 'n blywende verskil deur by te dra!

Lei Leerars Op | Plant Kerke | Voorsien Bybels | Bereik Mense & Maak Dissipels

Dra by via ons **Webblad**
**OF** via die **QR Kode** om via **ZAPPER** of **SNAPSCAN** om te gee.

**Baie Dankie.**

zapper™ | SnapScan | Snap here to pay

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:**
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: **"NE0826AFEM"** + [jou naam]

www.harvestersministries.com